Die Man wat in die Donker kon sien

Willemina de Wet

FREEK met die groen oë het 'n besondere gawe gehad: hy kon in die donker sien. Nie net in skemerdonker nie, maar ook in pikdonker en stikdonker. 'n Beroemde professor van Tygerberg het hom spesiaal op 'n dag kom sien met die uitsonderlike versoek dat Freek sy spesiale oë aan die mediese wetenskap moes nalaat vir 'n deurgrondige ondersoek van die fenomeen, sodat hulle dalk die geheim kon ontrafel.

"U bewys die mediese wetenskap 'n groot diens daarmee," het die professor opgewonde verklaar, "en bowendien..." En hier het hy 'n flink pakkie note voor die groen oë geswaai. Nog mediese wetenskap nog geld kon vir Freek verlei.

"Ek neem my oë liewer saam, dankie" het hy filosofies gesê, " mens weet nooit."

Toe skink hy vir die vername professor 'n lekker dop eiegemaakte witblits en gee vir hom die resep; so het die man darem nie met leë hande huiswaarts gekeer nie.

Snags het Freek baie voor die oop venster gesit en na buite getuur. Hy het die hase uit die veld sien kom en feesvier in die buurman se groentetuin. Hy het die meerkat gewaar voor dié die buurvrou se hoenderhok binnegesluip het. Hy het gesien hoe die buurvrou se dogter haar buitekamervenster op 'n skrefie ooplos en hoedat haar kêrel 'n kwartier later skelmpies daar inglip. Watter dinge het daar tog nie in die donker gebeur nie! Dit het hom ure lang vermaak.

'n Mens kon in sy buurt geen donkerwerk uithaal nie, want Freek met die groen oë het jou gesien, so helder as daglig. So het hy Giel, die klouterdief, betrap. Giel was van 'n ander dorp en was geheel onbewus van Freek se alsiende teenwoordigheid. Hy was swart aangetrek en swart gesmeer, maar Freek het hom dadelik in die oog gehad toe hy met sy koevoet om die huis van sy oor-buurman sluip.

"Haai jy! Maak dat jy wegkom!" het Freek uitgeroep. Die inbreker het so hewig geskrik, dat hy agteroor in die komposgat geval het , en met 'n sak vol stank in plaas van buit by die huis gekom het.

Op 'n donker herfsnag was Freek weer voor die venster. Daar was geen maan nie, slegs duisternis. Hy het so 'n uurtjie of wat gesit en slegs 'n uil met 'n muis in sy bek, sien verbyvlieg.

"Ook maar min opwinding vanaand," het hy gebrom, en half orent begin kom om in die katel te kruip, toe hy iets in die pad sien beweeg. 'n Stoet? Dit was totaal vreemd. Hoe meer Freek gekonsentreer het om te sien, hoe mistiger en vaag was die gesig. Hy kon beswaarlik 'n perd en 'n lykswa uitmaak, en daaragter gedaantes met geboë hoofde. Waarom was alles so vaag en mistig? *En waarom kon hy niks hoor nie?*

Iets is nie pluis nie, het Freek gedink, my gawe verswak, en dan word ek nog doof ook!

Maar toe die wasige stoet verby was, het ou dronk Piet verby geslinger gekom. Hy

PDF processed with CutePDF evaluation edition www.CutePDF.com

was duidelik sigbaar, elke gekleurde stuk kleding van hom, en Freek kon hom duidelik hoor sleeptongerig sing oor die deugde van vroue en drank.....

Nou was Freek helemaal dronkgeslaan. Waarom kon hy Piet so goed sien, maar nie die stoet in die mis nie? Hoekom hoor hy die dronkmanslied maar nie die optog mense agter die stoet nie? Hy moes tog die geluid van die wiele en die hoefklappe op die padoppervlak gewaar het? Freek is ontsteld bed toe, kon geen oog toemaak nie, het maar lê en rondrol met die kwellende vrae. Hy kon dit nie kleinkry nie.

En met goeie rede. Die volgende dag was hy siek en drie dae later het die bure hom dood aangetref.

Freek is met groot belangstelling ter aarde bestel en die somberse perdekar en stoet het by sy huis verby beweeg op pad na die kerkhof.

"De man die in het donker kon zien" verwerk in Afrikaans deur KYRA (Willemina L. De Wet), met kopiereg, uit die werke van Herman Pieter de Boer.